108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSHOORN, 6625 082-7734901 davesusvdw@gmail.com www.edenbiathlon.co.za


# EDEN TWEEKAMP•BIATHLON

## VOORSITTERSVERSLAG
**2021-2022**

**EDEN TWEEKAMP: VOORSITTERSVERSLAG**

Dit is vir my aangenaam om my voorsittersverslag te kan voorlê by die tweede virtuele AJV. Die 2020/2021 seisoen of jaar was uniek en so ook 'n jaar vol opwinding en baie onsekerheid - nie net vir Eden Tweekamp nie, maar ook die res van die land, ook ander sportkodes. Die aankondiging van die verskillende levels en die mags en moenies het `n groot vraagteken op sportbyeenkomste en sport geplaas. Eden Tweekamp was weer die verkose Provinsie om die SA Tweekamp Kampioenskappe aan te bied maar met alle onsekerheid en die bekommernis oor die tweekamp atlete se veiligheid en gesondheid moes SA Tweekamp en Eden Tweekamp die besluit neem om nie voort te gaan daarmee nie.

Die besture van SA Tweekamp- en Eden Tweekamp het ooreengekom om die SA Kampioenskappe weer aan Eden toe te ken vir 2022 indien SA Tweekamp en Eden tot 'n ooreenkoms kan kom. Dus sal Eden Tweekamp moontlik weer die 2021/2022 SA Kampioenskappe se gasheer wees.

Ek sou nie veel hierdie jaar gedoen gekry het as dit nie vir Dave van der Walt was wat elke tree saam my was nie en nooit te besig was vir `n oproep indien ek vasbrand of nie weet wat om te doen nie. Eden Tweekamp is so dankbaar vir oom Dave wat die leisels gevat het met die reëlings vir die SA`s al was dit vir die tweede agtereenvolgende jaar afgestel. Hy is beslis `n staatmaker in die sportwêreld. Terseldertyd ook wil ek vir Leana Robinson uitsonder wat altyd bereid was om laat nagte en vroeg oggende te sit met uitslae – baie dankie!

Sport in Suid-Afrika in die algemeen, stel groot uitdagings tans, veral op finansiële en logistieke gebied en die nuwe normaal wat Covid- 19 veroorsaak het. Ernstige aandag sal aan transformasie gegee moet word, nuwe innovasies om byeenkomste glad kan laat verloop met al die regte protokols en reëls, sal gevind moet word. Spesiale aandag gaan ook aan atlete met gestremdhede asook vrouesport gegee word. Daarby raak die beskikbaarheid van vrywillige administrateurs alhoe kleiner! Ons as Eden Tweekamp het `n klein handjie vol mense wat altyd bereid is om te help en dus sal ons werk moet maak daarvan om meer ouers en skole verteenwoordigers betrokke te maak tydens die liga-byeenkomste om as beamptes op te treë.

Tweekamp in geheel betree `n nuwe era! Op 8 September 2021 op `n Spesiale Jaarvergardering wat deur SA Tweekamp gelei is, is besluit dat tweekamp in samewerking met SAMPA nuwe afstande vir alle ouderdoms- groepe sal instel in lyn met die Modern Pentathlon sodat ons atlete in die toekoms aan internasionale byeenkomste kan deelneem. Eden Tweekamp bestuur het nie hierdie besluit alleen geneem nie en `n survey is aan ons atlete gestuur waar 77% vir die nuwe afstande gestem het.

**ONTWIKKELING**

**MOSSELBAAI TWEEKAMP ONTWIKKELING**

DCAS Ontwikkelingskliniek het op Donderdag 8 April by LS Park op Mosselbaai plaasgevind het. 34 deelnemers het onder die hande van Carla Coetzee (swem) en Johan Windt (hardloop) nuwe vaardighede aangeleer. EW Maritz (Stilbaai), Miekela Terblanche (Grootbrak) en Helena van Wyk (Grootbrak) het aansporingspryse ontvang. Stephnie McKay (voorsitter) en Dave van der Walt (operasionele Bestuurder) het hulle tevredenheid uitgespreek tenspyte van die Covid beperkings.







**KNYSNA TWEEKAMP ONTWIKKELING**

Maandag 19 April het meer as 40 persone die DCAS Ontwikkelingskliniek by die puik Aquatic Centre van Knysna Primêr bygewoon. Weens die swak weer moes Johan Windt die hardloopprogram aanpas om dit in die skoolsaal te kan doen. Carla Coetzee het die swemafrigting behartig. Abby McKay se plaaslike reëlings was soos gewoonlik weer puik. Daniel Rossouw en Lente Rademan het albei aansporingspryse ontvang. Eden Tweekamp wil net baie dankie sê aan Knysna Primêr vir die beskikbaarstelling van hulle puik geriewe!







**"DOUBLES"-BYEENKOMS [16 Maart 2021]**

## WIPMY EDEN DOUBLES-BIATHLON

Die eerste WIMPY DUBBELS-byeenkoms onder streng Covid maatreels is op 16 Maart 2021 aangebied by De Jager Sport Kompleks en N.A Smith swembad in Oudtshoorn. Die kompetisie is besonders in die opsig dat twee atlete 'n span vorm en dan doen elke atleet net een van die bene – of hardloop of swem. Elke atleet se punte behaal word dan saamgevoeg om die wenners te bepaal!

Op 16 Maart 2021 het 31 spanne deelgeneem aan die jaarlikse tradisionele Doubles byeenkoms, 3 spanne meer as die vorige seisoen, Vanjaar het Wimpy Oudtshoorn die pryse geborg. Baie geluk aan die wenners, Johan en Jan Brink wat met R800 se prysgeld weggestap het.

Podiumwenners:

1.Jan & Johannes Brrink (2260)

2. Ame Pretorius & Elizmay Huyzer (2230)

3. Kari Griffioen & Cristiaan Van Biljon (2205)

Beste prestasie: Dirco Nienaber Swem (1220)

Die pryse is geborg deur Wimpy. Dankie ook aan al die vrywillige beamptes! Dit word waardeer.









**LIGA BYEENKOMSTE & HIGHGATE EDEN KAMPIOENSKAPPE**

EDEN TWEEKAMP•BIATHLON

108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSHOORN, 6625 082-7734901 davesusvdw@gmail.com www.edenbiathlon.co.za
"Eden Sport Federation of the Year 2019"

## *GEORGE LIGA 1 (23 MAART 2021)*

23 Maart se Ligabyeenkoms (die eerste in 'n jaar) op George het soveel deelnemers getrek dat die swem onder maanlig afgehandel is! 152 atlete het ingeskryf vir die byeenkoms by HS Outeniqua. Dit was duidelik dat ons tweekampatlete honger is vir aksie! Streng Covid protokols is gehandhaaf.


## *EDEN BIATHLON CHAMPIONSHIPS 2021*




Nadat Covid pandemonium gesaai het onder sport, en veral Tweekamp, die afgelope jaar met twee SA Kampioenskappe [albei vir Oudtshoorn geskeduleer!] wat gekanselleer is, het die 2021-seisoen op 'n laat stadium die groen lig gekry en kon 'n verkorte liga-program gevolg word. Die seisoen het dan ook later geëindig as gewoonlik en op 6 April 2021 is die EDEN Kampioenskappe onder streng Covid protokol op Oudtshoorn aangebied. Nie minder nie 120 atlete het dit bygewoon – selfs atlete uit die Boland en WP! Die hoogtepunt was sekerlik die twee SA rekords wat verbeter is! Thomas van der Merwe van Paarl Gimnasium Laerskool het die seuns 0/11 rekord verbeter na 2459 punte terwyl Eden [George] se eie Dr Mike McDonald die SA rekord vir Senior Meesters Mans [70+] verbeter het na 2414 punte! Baie geluk aan beide hierdie top atlete! Medaljes is na die kampioen-skappe na die onderskeie klubs en skole gestuur om intern te oorhandig aangesien medalje-parades nie volgens Covid protokol mog plaasvind nie.



Graag wil die EDEN Tweekampbestuur alle atlete, beamptes, skole, klubs en gewillige [en gedienstige] ouers bedank vir hulle optredes onder bitter moeilike omstandighede – dit word opreg waardeer!




***EDEN ATLETE EN BESTUURSLEDE PRESTEER***

***GROOT EERBEWYS VIR YVONNE***



Hierdie eer het Yvonne op Woensdagaand 21 April tydens die 45ste AJV van SA Tweekamp te beurt geval. Alle provinsies met die uitsondering van 1 het aan die virtuele vergadering deelgeneem.

• SA Honoris Causa-kleure is aan Yvonne McKay toegeken vir haar jarelange diens aan SA Tweekamp. Sy is beslis `n merkwaardige Eden Tweekamp lid.

***WALTER LUTSCH WOON TOKIO PARALYMPICS***

Hy is as Nicholas Pieter Du Preez se assistant aangekondig waar hulle goud verower





**OPERASIONELE BESTUURDER**

Mnr. Dave v.d Walt was aangestel as Eden Tweekamp se Operasionele Bestuurder in 2017 en lewer `n besonderse diens aan Eden Tweekamp soos ons almal hom ken, loop hy beslis die ekstra myl en is altyd bereidwillig om te help waar hy kan en raad gee. `n Paar van sy pligte hierdie jaar was as volg.

- Reëling van byeenkomste;
- Reëling van Ontwikkelingsprojekte en kapasiteits-werkswinkels;
- Verkryging van borge teen kommissie [wat hy nie wou neem nie!];
- Aansoeke by regeringsliggame vir befondsing;
- Beheer oor die bates soos apparaat, waentjie, ens;
- Bywoon van vergaderings waar benodig

Hy gaan beslis die ekstra myl as dit by Tweekamp kom. Eden Tweekamp is besonders gelukkig om `n persoon soos hy deel te hê van die span.

**FINANSIES**

Die finansies van EDEN Tweekamp is gesond soos aangedui deur die geouditeerde state wat deur Alice le Roux Ingelyf gedoen is. Alhoewel die kansellasie van die SA2020 `n groot terugslag was glo en vertrou ons dat Eden Tweekamp en so ook die Groter Oudtshoorn net sterker word en nog meer groei in die jare wat kom. Groot dank aan die Bestuur wat ten spyte

108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-7734901 davesusvdw@gmail.com www.edenbiathlon.co.za


van die hoë finansiële druk net die beste vir die EDEN-atlete doen en die kostes so laag moontlik hou. Dank moet ook gaan aan die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake & Sport, die HIGHGATE, Groter Oudtshoorn Munisipaliteit asook al die sekondêre borge en donateurs, wat deur hulle finansiële ondersteuning dit moontlik maak. 'n Groot dank ook aan ons ouditeure van baie jare, Alice le Roux Ing, in die besonder Stephanie Koegelenberg, wat altyd bereid was om op kort kennisgewing ons state onder beheer te kry!

**UITDAGINGS**

- Nuwe program en struktuur
- Te min beamptes
- Covid pandemie en sy gevolge

**BEDANKINGS**

Graag wil ek van hierdie geleentheid gerbuik maak om net die volgende persone en instansies te bedank:

- Alle ouers, onderwysers, afrigters, borge en belangstellendes wat dit vir EDEN moontlik maak om te vorder;
- Aan die Eden Bestuur vir die flinke wyse waarop hulle tweekamp in die Eden bedryf en die tyd wat hulle opoffer asook die ondersteuning wat hulle my as voorsitter gebied het;
- Aan al Eden se borge, donateurs en vriende;
- Die Departement van Kultuursake en Sport van die Weskaap, en in die besonder die plaaslike EDEN-kantoor [Jean Neethling & Dirk van der Westhuizen] vir hulle onbaatsugtige ondersteuning en fisiese bystand;
- Aan ons plaaslike media vir hulle volgehoue ondersteuning;
- Aan alle skole en klubs wat hulle beywer vir die ontwikkeling van ons sportsoort;
- Aan al ons atlete wat so getrou die ligabyeenkomste bywoon;
- Aan die munisipaliteit van Oudtshoorn en ander instansies vir die beskikbaarstelling van hulle fasiliteite en geriewe;
- Aan Yvonne, Dave, Abigail en Leana wat altyd net `n oproep weg is en op wie se knoppie ek kan druk teen alle tye
- Aan ons dierbare Vader wat ons die krag en genade gee om hierdie taak te verrig.

Ek dank u.

Stephnie McKay
Voorsitter

WIMPY
OUDTSHOORN Munisipaliteit • Umasipala • Municipality 150 VISION 2030 A TOWN TO WORK, LEARN, PLAY AND PROSPER
Western Cape Government Cultural Affairs and Sport
AIFA
CKI
TWEEKAMP SA BIATHLON